

SONDAGSKOO LES - Die profeet Daniël - 'n Reputasie van moed hê

Doel van les:

- Tweede les in ons reeks oor Daniël en sy vriende. Nadat hulle hierdie reeks voltooi het, sal hulle leer dat om 'n heilige en skoon lewe te leef 'n sterk en Goddelike reputasie bou. Hierdie reeks is aangepas uit Kids Sunday School Place.

Ysbreker: Nader tot God: Laat kinders groepe van twee maak. Nou gaan staan hulle in twee rye, die maatjies oorkant mekaar en 'n ver ent weg van daardie maatjie. Noem die een ry, ry A en die tweede ry B. Gee vir ry A elkeen 'n ping pong balletjie en glasier en ry B net 'n glasier. Sê vir die kinders dat die ping pong balletjie hulle verhouding met God verteenwoordig. Hulle moet nou probeer om die balletjie in die maatjie oorkant se glasier te gooi sonder dat die maatjie die glasier beweeg. Kyk hoeveel het ingegooi.

Ry B moet nou die balletjie vat wat na hulle gegooi is, een treë vorentoe gee en dan die balletjie in hul maatjie se glasier probeer gooi. Laat die speletjie so aangaan met kinders wat elke keer nader aanmekaar beweeg totdat hulle reg by mekaar staan en die balletjie net in die glasier laat val kan word.

Laat kinders gaan sit.

Ons verhouding met God is baie soos hierdie speletjie. Hoe verder julle van mekaar af was, hoe moeiliker was dit om die balletjie te vang. Net so, hoe verder ons is van God, hoe moeiliker is dit om 'n verhouding met Hom te hê. Aan die ander kant, hoe nader ons aan God is, hoe makliker is dit om 'n sterker word ons verhouding met Hom.

Vandag gesels ons oor drie vriende wat naby aan God geleef het en hoe dit hulle die moed gegee het om te doen wat reg was in baie moeilike omstandighede.

Groepwerk: Lees Daniël 3:1-30

1. Wanneer moes die mense die beeld aanbid? (Wanneer hulle die musiek hoor speel.)
2. Wat sou gebeur met die persoon wat nie die beeld aanbid nie? (Hulle sou in 'n vuuroord gegooi word.)
3. Hoekom het Sadrag, Mesag en Abednego die moed gehad om te weier om voor die standbeeld te buig? (Hulle het 'n sterk verhouding met God gehad en geloof dat Hy hulle sou red.)
4. Wat het die drie vriende gedoen in vers 28 wat die koning so beïndruk het? (Hulle het God vertrou en was gewillig om hul lewens op te offer vir God eerder as om afgode te aanbid.)
5. Wie het die Koning geprys nadat die drie vriende lewendig uit die oond gekom het? (God)
6. Hoe kan ons die moed vind om getrou aan God te bly gedurende tye van moeilikheid, druk en vervolging?

Kry terugvoering.

Aktiwiteit: Gee vir elke groep 'n blaai en pen en vra hulle om drie situasies neer te skryf waarin hulle hulself mag bevind waar hulle moed sal moet hê om gehoorsaam en getrou te bly aan God. Hoe sal hulle reageer in hierdie situasies?

Laat elke groep kom lees waarmee hulle opgekom het.

Verlede week het ons geleer dat 'n reputasie gebou word deur 'n sekere ding oor en oor te doen. Om 'n reputasie te hê van moedig wees (courageous) en gehoorsaamheid aan God gedurende wêreldse druk, moet ons gedurig God se hulp en raad soek deur gebed en Bybel lees. Hopelik sal ons nooit 'n lewe of dood situasie in die gesig staar soos die drie vriende nie. Daar sal wel in ons lewens situasies wees waar as ons ingee aan die druk of ons rug draai op wat reg is, dit skade aan ons en ander sal doen. Dit vat moed om ander te vertel wat die Bybel sê, wat die waarheid is en hoe Jesus Christus die enigste Here is, maar ons kan dit doen oor God altyd daar sal wees om ons te help.

Sluit af met gebed in groepe.